GRIFFIER, HOOGGEREGSHOF
VAN SUID-AFRIKA
1987-05-29
REGISTRAR, SUPREME COURT
OF SOUTH AFRICA

65/87

ROBERT MASEKO Appellant

en

DIE STAAT Respondent

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPÈLAFDELING)

In die saak tussen:

ROBERT MASEKO Appellant

en

DIE STAAT Respondent

Coram: RABIE, Wn HR, BOSHOFF et KUMLEBEN, Wn ARR

Verhoor: 25 Mei 1987

Gelewer: 29 Mei 1987

---

U I T S P R A A K

BOSHOFF, Wn AR:

Die appellant was as beskuldigde 2 saam met Nathan Mazibuko en Leonard Mokoena, as beskuldigdes

1 en......../2

1 en 3, onderskeidelik, in 'n streekhof skuldig bevind dat hulle op 27 Julie 1983 vir Adil Edwards en Dawood Gabru beroof het van goedere bestaande uit horlosies, juweliersware, kledingstukke, tasse, 'n televisiestel, videomasjien, teleskoop en ander persoonlike eiendom ter waarde van R80 000,00. Hulle is elkeen gevonnis tot 4 jaar gevangenisstraf. Hulle appèl na die Transvaalse Provinsiale Afdeling teen die skuldigbevinding en vonnisse is van die hand gewys.

Die appellant het laat aansoek gedoen om te appelleer na hierdie hof. Omdat die hof a quo nie tevrede was met die verduideliking vir die vertraging nie en ook van mening was dat daar geen vooruitsig was

dat die appellant met sy appèl sal slaag nie, was die hof *a quo* nie bereid om die laat liassering van sy aansoek te kondoneer nie.

Die appellant is egter daarna deur hierdie hof verlof verleen om in hoër beroep te kom slegs ten opsigte van sy skuldigbevinding.

Dit word nie betwis dat die twee klaers, Edwards en Gabru,omstreeks 15h30 op die genoemde dag in Edwards se huis in Eldoradopark van die genoemde goedere deur die drie Swartmans beroof is nie. Die appellant en sy twee medebeskuldigdes was in die streekhof deur 'n prokureur verteenwoordig en hulle verweer toe

hulle moes pleit,was bloot dat hulle nie van die roof kennis dra nie. In die kruisondervraging van Edwards is net aan hom gestel dat die appellant en sy medebeskuldigdes nie in die huis was nie en hom nie beroof het nie. Vir die res was die kruisondervraging toegespits op die uitkenning van die appellant en sy medebeskuldigdes. Die kruisondervraging van Gabru was beperk tot sy uitkenning van die appellant en sy medebeskuldigdes. Dit was ook die getuienis van die appellant en sy medebeskuldigdes aan die einde van die Staat se saak dat hulle nie in Edwards se huis was nie en ook nie die roof gepleeg het nie. Met kruisondervraging van die appellant oor waar en watter ure hy werk, het dit vir die eerste keer

geblyk dat hy beweer dat hy op die betrokke dag gedurende die tyd van die dag wanneer die klaers beroof is as petroljoggie by sy werk aan diens was. Sy verweer aan die einde van die saak was gevolglik 'n alibi en dat die getuienis hom nie genoegsaam of bevredigend met die pleeg van die roof verbind nie. Dit is nou in wese sy saak hier op appèl.

Dit....../6

Dit is in die eerste plek nodig om kortliks na die getuienis te verwys.

Edwards is ŉ reisiger en ŉ vakman in juweliersware. Op die betrokke dag was sy werkswinkel in die stad toegemaak en was hy op die uitkyk vir nuwe persele waarna hy sy besigheid wou verplaas. Sy voorrade het hy in die tussentyd by hom by sy huis in Eldorado Park gehad. Ongeveer 15h30 was sy vriend Gabru by hom op besoek. Net hulle twee was daar gewees en die hele huis was gesluit gewees. Terwyl hy besig was met ŉ gesprek oor die telefoon in die sitkamer was daar ŉ

klop aan die kombuisdeur. Gabru het die deur gaan oopmaak. Daar was drie Swartvrouens en hulle wou weet waar die huisbediende Elizabeth was. Toe Gabru antwoord dat sy nie daar is nie het hulle gevra waar mev Edwards was. Sy was ook nie daar nie en toe het hulle geloop. Gabru het die kombuisdeur weer gesluit en teruggekeer na die sitkamer. Na ꞌn paar minute was daar weer ꞌn klop aan die kombuisdeur. Edwards was nog steeds besig op die telefoon en Gabru het weer die deur gaan oopmaak. Drie Swartmans het by die deur ingekom en gesê dat hulle verwers is. Gabru het omgedraai om vir Edwards te vertel dat die verwers opgedaag het. Toe hy weer na die mans kyk het hy gesien dat

twee....../8

twee van hulle lang messe en een ʼn lang skroewedraaier het. Een van hulle, wat later deur beide Edwards en Gabru as appellant uitgeken is, het aan hom gesê dat hy aangehou word en hom na die sitkamer geneem. In die sitkamer het hy hom gedwing om te kniel, hom met sy mes in die skouer gesteek, sy leerbaadjie afgepluk en sy polshorlosie van sy arm losgesny. ʼn Ander een wat later deur beide Edwards en Gabru as beskuldigde 1 uitgeken is, het na Edwards gegaan waar hy besig was met sy telefoongesprek, gesê dat alles nou verby is en met sy mes die koord van die mondstuk afgesny. Edwards is toe gedwing om langs Gabru te kniel. Beskuldigde 1 het hulle in ʼn aggressiewe stem gevra waar die geld en die diamante is en ook beveel om dit te oorhandig. Gabru het verduidelik dat hy slegs ʼn besoeker is en niks weet van enige

geld of juwele nie. Edwards het ook gesê dat hy net ŉ besoeker daar is en probeer verduidelik dat die mense van die huis weg is na Kaapstad toe. Die drie indringers het vir Edwards en Gabru na die slaapkamer geneem en op die vloer laat sit met hulle rûe teen mekaar. Beskuldigde 1 en appellant het hulle messe en beskuldigde 3 sy skroewedraaier dreigend geswaai en aangehou vra waar die geld en die diamante weggesteek is. Nadat die drie die hele kamer deursoek het, die beddens omgekeer het, al die klere uit die klerekaste gegooi het en ook die goed uit die kaste geneem het, het die een wat later deur beide Edwards en Gabru as beskuldigde 3 uitgeken is, Edwards en Gabro met ŉ elektriese koord aan

mekaar vasgebind.

Edwards se hele voorraad juweliersware was in vertoonstukkassies in die slaapkamer op die vloer en die drie rowers het dit saam met al die ander goed wat hulle in die huis geneem het, geneem. Hulle het deur die hele huis gesnuffel vir meer goed en aanhoudend teruggekom na die slaapkamer waar Edwards en Gabru was en gevra waar geld en meer goed is. Beskuldigde 1 het Edwards ŉ keer in die linkerskouer in die long in gesteek en hy het begin swak word. Gabru het toe vir die drie gesê dat hy geld in sy motorkar, wat voor die huis gestaan het, het. Na ŉ rukkie het hulle teruggekeer en gesê dat die motorkar gesluit is en vir

die sleutel gevra. Gabru het gesê dat die sleutel in die sitkamer is. In die tussentyd het Gabru daarin geslaag om sy een hand los te kry en Edwards het hom gevra om die alarmstelsel met die skakelaar teen die muur aan te skakel. Gabru het dit gedoen maar die alarmstelsel was buite werking. Soos later geblyk het was dit deur die rowers buite werking gestel. Op daardie stadium het Gabru gehoor dat hulle weer met die gang afkom en hy het dadelik gaan sit asof hy nog aan Edwards vasgebind was. Hulle kon nie die motorkarsleutel vind nie en het Gabru beskuldig dat hy vir hulle leuens vertel. Gabru het volhard dat die sleutel in die sitkamer is. Na hulle uit die slaapkamer is, het Gabru

na die badkamer gegaan, die deur gesluit en deur die venster om hulp geskree. ŉ Buurman het hom gehoor en die polisie ontbied. Die rowers het in die tussentyd gevlug.

Beide Edwards en Gabru was daar vir sowat ŉ halfuur deur die rowers aangehou en hulle het vele kere die geleentheid gehad om hulle goed van naby waar te neem. Volgens Edwards was hy daarna in staat om die appellant te herken as een van die drie wat hom beroof het. Hy het hom aan sy gelaatstrekke herken. Hy is jonk en lank en het ŉ paar keer by hom verby beweeg terwyl hy in die slaapkamer vasgebind was. Hy het hom ook gesien toe hy voor hom die vertoonstuk-

kassies waarin die sierdiamante was, oopgemaak het en daarna gekyk het. Gabru was ook daarna in staat om appellant te herken. Volgens hom sal hy nie die persone wat hulle in die besondere omstandighede beroof het maklik vergeet nie. Hy was in staat om appellant wat die aanrandings begin het en hom met die mes in die skouer gesteek het "absoluut" te herken.

Daar was nie 'n uitkenningsparade gehou om vas te stel of Edwards en Gabru hulle aanranders kon herken nie, maar toe die saak teen die appellant en die medebeskuldigdes vir die eerste keer in die streekhof moes aankom en uitgestel is, het Edwards en Gabru al drie

die beskuldigdes buite die hof opgemerk tussen ander persone en hulle dadelik herken as die persone wat hulle beroof het. Daarna met die verhoor van die saak het hulle die appellant en sy medebeskuldigdes uitgeken.

Dit is nou nodig om te verwys na die omstandighede waaronder die appellant en sy medebeskuldigdes gearresteer is en na die hof gebring is.

Speuder adjudant-offisier David Thidiela van die Suid-Afrikaanse Polisie op Kliptown het sekere inligting gehad wat hom op 29 Julie 1983, d w s twee dae na die roof, na 'n kamer in Soweto geneem het. Daar het hy beskuldigdes 1 en 3 en 'n derde persoon in die kamer

gekry. Die speurder het navraag gedoen na Leonard Mokoena en beskuldigde 3 het erken dat dit hy was en gesê dat hy daar woon. In die kamer was ŉ hele aantal van die gesteelde goedere en beskuldigde 3 het dit aan die speurder oorhandig. As gevolg van antwoorde op vrae wat die speurder gevra het, het die speurder beskuldigdes 1 en 3 arresteer en beslag gelê op die gesteelde goedere. Hy het sekere inligting van beskuldigde 3 gekry en met die twee beskuldigdes en die gesteelde goedere na die Kliptown polisiestasie gegaan om beskuldigde 1 en die gesteelde goedere daar te laat. Hy het toe met beskuldigde 3 na ŉ motorhawe in Hillbrow, wat deur beskuldigde 3 aan hom uitgewys is, gegaan en die appellant wat daar as

petroljoggie werk, te arresteer. Die speurder het vir die appellant nie voorheen geken of geweet waar hy werk nie. Die appellant is vandaar af saam met die speurder en beskuldigde 3 waar beskuldigde 3 'n plek aan die speurder uitgewys het waar nog van die gesteelde goedere teruggevind is. Op 1 Augustus 1983 het beskuldigde 1 se suster 'n leerbaadjie, wat ook van die gesteelde goedere was - en wat beskuldigde 1 by sy moeder Gladys Mazibuko se huis gelaat het, by die polisiestasie ingehandig. Op hierdie stadium was beskuldigdes 1 en 3 met die roof verbind deur die gesteelde goedere wat teruggevind is.

Die drie mans wat die roof gepleeg

het, moes vir die huisbediende Elizabeth, geken het, geweet het dat sy vir Edwards werk, dat Edwards geld en diamante of juweliersware in die huis het en dat daar 'n alarmstelsel in die huis is en waar dit sit, inligting wat hulle in alle waarskynlikheid van Elizabeth verkry het. Dit is so omdat daar op die betrokke dag eers vooraf na Elizabeth gevra is deur die drie Swartvrouens, die drie rowers aanhoudend gevra het waar die geld en die diamante en die juweliersware is en geweet het waar die alarmstelsel buite werking gestel kan word.

Elizabeth het getuig dat sy die appellant en sy twee medebeskuldigdes ken en al saam met hulle stokvels (fuifpartytjies) bygewoon het. Op die vraag

of sy weet of die appellant en sy twee medebeskuldigdes die huis van Edwards ken, het sy geantwoord dat hulle haar altyd 'n "lift" gegee het as sy werk toe gaan. Op verdere vrae het sy haar antwoord heeltemal afgewater deur eers te sê dat hulle haar slegs een keer 'n geleentheid gegee het vanaf Crossroad na Kliptown en daarna te sê dat net beskuldigde 3 haar die "lift" gegee het en voor 'n winkel afgelaai het.

Die appellant en beide sy twee medebeskuldigdes het getuienis afgelê. Beskuldigde 1 weet dat die appellant in Phiri woon. Dit blyk nie duidelik uit sy getuienis hoe goed hy vir die appellant ken nie. Hy het beskuldigde 3 goed geken en op die vraag: "Nr 2 (appel-

lant) is hy ook een van julle vriende", het hy geantwoord: "Beskuldigde nr 2 is ek net gewoond voor nadat ons gearresteer was." Later onder kruisondervraging het hy gesê dat hy en beskuldigde 3 by die appellant se tuiste was nadat hulle op borg losgelaat was. Beskuldigde 1 het erken dat hy vir Elizabeth die meeste van die tyd by stokvels ontmoet het maar beweer dat hy haar net van sien ken. Volgens hom ken beskuldigde 3 haar op dieselfde manier.

Beskuldigde 3 erken dat hy saam met die speurder was toe hulle na die garage in Hillbrow gegaan het waar die appellant arresteer is. Hy ontken dat hy die speurd

soontoe......./20

soontoe geneem het of vir die appellant aan hom uitgewys het. Trouens hy beweer dat hy nie geweet het dat die appellant daar werk nie. Hy erken egter dat hy die appellant geken het; hy het hom net partykeer gesien; partykeer kom hy vir 'n "geleentheid" vra by die stokvel. Nadat hy die vraag 'n paar keer ontwyk het, het hy erken dat hy vir Elizabeth ken. Hy ken haar "mooi ... want sy was een van die mense van die stokvel".

Die appellant het onder kruisondervraging gesê dat die polisie saam met beskuldigde 3 by die motorhawe gekom het en hom gearresteer het. Hy het vir beskuldigde 3 gevra wat aangaan maar het nie 'n antwoord gekry nie. Die polisieman het net gesê hulle ondersoek

die saak. Beskuldigde 3 is nie 'n persoon wat hy dikwels sien nie. Hy ken sy naam nie. Hy ken hom net van sien by die stokvel en op daardie stadium het hy hom lanklaas gesien. Daarna het hy gesê dat hy hom gereeld by die stokvels sien. Hy ken vir Elizabeth net so 'n bietjie by die naam van Mapula. Sy ken sy naam. Hy ken haar van sien en sien haar by die stokvel. Hulle was nog nie saam uit nie en hy het haar lanklaas gesien. Op een geleentheid was hulle saam in 'n voertuig met 'n buurman van haar na Meadowlands toe. Hy was nog nooit saam met haar en sy medebeskuldigdes in 'n voertuig nie.

Dit was nooit die saak van die appellant dat

hy die Woensdagmiddag, 27 Julie 1983, nie die roof kon gepleeg het nie omdat hy daardie tyd by die motorhawe in Hillbrow in diens was nie. Dit was eers toe die aanklaer hom gekruisvra het oor waar hy daardie middag was, dat hy gesê het dat hy by sy werk was. Op vrae van die aanklaer het hy gesê dat die tyd van sy aankoms in die oggend deur die sekretaris, ene Alexander Ross, in 'n diensregister aangeteken word asook die tyd wanneer hy in die middag van diens af gaan, wat gewoonlik 18h00 is.

Uit verdere ontwykende en onbevredigende antwoorde op vrae van die aanklaer en die hof blyk dit heeltemal duidelik dat die appellant geen bedoeling gehad het en op geen stadium van plan was om homself

te beroep op die feit dat hy die betrokke Woensdagmiddag by sy werk in Hillbrow was en om daardie rede nie die roof kon gepleeg het nie. Die volgende is die vrae en antwoorde:

> "So mnr. Alexander Ross sal kan kom bevestig dat jy wel by die werk was op dié betrokke dag 27 Julie 1983? -- Ja.
> Het jy al intussen met hom gaan praat? -- Hy weet ook, hy het gesien toe die polisie my vat, toe sê hulle hulle gaan nou ondersoek instel, en hy het verwonder ek kom nie terug nie.
> Maar het jy al intussen met hom gaan praat oor 27 Julie? -- Nee ek het gegaan en hom gesê die polisie het my gevat en ek is nou op borg.
> Ja maar het jy hom spesifiek oor hierdie dag 27 Julie met hom gepraat?

-- Wat was die 27ste?
Die vraag is tog eenvoudig, het jy spesifiek met mnr Ross gaan praat oor 27 Julie 1983? -- Is dit die dag toe ek gearresteer was?
Dit is die Woensdag, jy is die Vrydag gearresteer. -- Ja ek is Vrydag gearresteer.
Die vraag is nog steeds, het jy al met mnr. Ross gaan praat oor 27 Julie daardie Woensdagmiddag? -- Ek kan nie mooi begryp nie Edelagbare wanneer was die 27ste nie, was dit 'n Vrydag of wanneer.
Ek weet nie wat jou probleem is nie, jy het nou alreeds gehoor dat dit die Woensdag was. Antwoord net die graag asseblief. -- Ek het niks met hom gepraat nie, want ek weet nie wat gaan aan nie. Hy is die sekretaris.
Jy werk nog steeds by daardie betrokke motorhawe? -- Ja.
Jy sien hom elke dag? -- Ja.
Jy doen die moeite om te gaan

hoor of hy sal kom bevestig dat jy daar was op 27 Julie nie? -- Nee.

Is dit omdat jy weet hy sal nie kan bevestig nie? -- Hy weet, want hy teken ons aan.

Maar hoe weet jy dat hy weet dat op 27 daar was, hoe weet jy dat hy dit sal kan bevestig dat hy dit wel aangeteken het? -- Dit is sy boek wat die sal sê daar waar hy skryf.

Het jy al na hierdie boek gaan kyk intussen? -- Ek weet ek het gewerk daardie dag.

Het jy al gaan kyk of die boek korrek aangeteken is op 27 Julie verlede jaar? -- Ons sien soos ons skryf, ek het ook gesien dat op die 27ste.

Maar jy het nie met mnr Ross gaan praat om te sê hy moet hof toe kom om vir jou te kom getuig nie? -- Nee. Ek het nie geweet of die Hof hom sal nodig hê nie.

Hoe het jyself gevoel? -- Ek weet van niks Edelagbare, dit is die rede

hoekom ek ook nie sal wil roep
an 'n getuie nie."

"HOF: Ek is net geinteresseerd in hierdie gesprek wat jy en mnr. Ross gehad het. Soos ek jou verstaan nadat jy gearresteer is, toe het jy teruggekom werk toe, en het jy toe vir mnr. Ross gesê die polisie het jou gearresteer? -- Ja.
Hy het toe seker vir jou gevra hoekom is jy gearresteer? -- Hy het my gevra.
Wat sê jy toe vir hom? -- Ek het gesê die polisie het my gevat om te ondersoek gaan instel.
HOF: So jy het nie vir hom gesê hoekom jy gearresteer is nie? Jy het nie gesê waarvan jy beskuldig word met ander woorde nie? -- Ja ek het hom gesê dat daar is 'n klagte teen my van roof.
Ek neem aan toe vra hy vir jou wanneer sou jy dan hierdie roof

gepleeg het? -- Ek verwonder ook Edelagbare want ek is daagliks by die werk.

Ag ek vra nie of jy verwonder is of nie, hoekom wil jy nie die vraag antwoord nie. Het Ross vir jou gevra wanneer het jy die roof gepleeg? Of wat die bewerings is wanneer jy dit sou gepleeg het? -- Hy het my gevra Edelagbare en toe sê ek daardie mense het my gevat om ondersoek te gaan instel.

Ek weet nie hoekom is jy so taai om te antwoord nie beskuldigde? Het jy of het jy nie vir hom gesê wanneer sou die roof gepleeg gewees het nie? -- Ek het hom gesê.

Nou ja, hoekom vat dit jou so lank om dit te antwoord? -- Ek het aan hom gesê ek het gehoor die polisie sê dit het in die dag plaasgevind.

Het jy vir hom gesê watter dag? -- Hulle het gesê Woensdag.

Ja, en wat sê Ross toe daarop?

--Hy........./28

-- Hy het gesê hy weet nie, dit
kan miskien iets is wat in die aand
gebeur het.
Nee hoe kan hy so sê, jy sê vir
hom jy hoor dit is in die dag.
Het hy nie gesê 'maar dit is leuens,
jy was die heeltyd hier nie'? --
Ek verwonder en hy verwonder ook
nog steeds."

Die verhoorhof het bevind dat beide Edwards en Gabru as getuies ŉ goeie indruk op die hof gemaak het. Hulle geloofwaardigheid was nie deur die regsverteenwoordiger aangeval nie en die hof was tevrede dat hulle getuienis bo redelike twyfel as waar aanvaar kon word. Die hof het nie die appellant en sy medebeskuldigdes se getuienis aanvaar nie. Die verhoorhof het aandag geskenk aan die betroubaarheid van Edwards en Gabru se

uitkenning van die appellant en sy medebeskuldigdes buite die hof voordat die saak verhoor is en daarna tydens die verhoor binne die hof en tereg bevind dat hulle genoegsame geleentheid gehad het om hulle aanvallers waar te neem, dat die aanvallers 'n geruime tyd in hulle teenwoordigheid was en hulle alle geleentheid en rede gehad het om die aanvallers waar te neem en dat daar ook niks in die omstandighede wat geheers het, was wat die waarneming en 'n latere uitkenning van die aanvallers bemoeilik het nie.

Die verhoorhof het verder bevind dat daar genoegsame stawing van die twee klaers se uitkenning van die appellant en sy medebeskuldigdes was en die

uitkenning as betroubaar aanvaar.

Beide Edwards en Gabru het vir die appellant uitgeken en mekaar gestaaf t.o.v. die aard van die appellant se deelname aan die roof op hulle. Dit sou natuurlik veel beter gewees het as daar 'n uitkenningsparade gehou was, maar daar is inderdaad ander getuienis en oorwegings wat sterk daarop dui dat hy saam met beskuldigdes 1 en 3, wie se skuld duidelik bewys is met die gesteelde goedere wat in hulle besit was, die roof gepleeg het. Appellant en sy medebeskuldigdes het mekaar geken en beskuldigde 3 se stokvels besoek. Hulle het ook vir Elizabeth, die huisbediende van Edwards, geken. Hulle het in alle waarskynlikheid van haar die inligting gekry

van al die diamante en juweliersware wat Edwards in sy huis het en ook dat hy 'n alarmstelsel het en waar dit in die huis geleë is. Beskuldigde 3 wat beskuldigde 1 en 'n aantal van die gesteelde goedere aan die speurder uitgewys het, het die speurder na die werkplek van die appellant geneem en hom daar uitgewys as een van die persone wat ook by die roof betrokke was. Die uitwysing self is nie getuienis teen die appellant en staaf dus nie die uitkenning nie maar dit is die appellant se reaksie en optrede daarna wat getuienis teen hom is en die klaers se uitkenning van hom bevestig. Nadat hy vir die roof arresteer is, het die appellant skynbaar ewe gedwee saam met die speurder en beskuldigde 3 wat sy

medebeskuldigde was, gegaan om nog van die beweerde gesteelde goedere wat beskuldigde 3 uitgewys het te gaan haal. Volgens hom het hy geen vrae aan beskuldigde 3 wat hy volgens sy eie erkenning geken het, gevra nie ondanks die feit dat hulle saam aangekla word van die roof van die goedere en die speurder saam met beskuldigde 3 by hom aangekom het. Ondanks die feit dat hy weet dat daar by sy werk 'n diensregister gehou word waarin sy opdaag- en uitskeitye aangeteken word, wat maklik kan bewys dat hy by sy werk was die tyd toe die roof gepleeg is, indien hy daardie tyd wel by sy werk was, was hy verder duidelik nie van plan om, soos blyk uit sy aangehaalde getuienis hierbo, van die diensregister

gebruik te maak nie. Hy was uit op borg voor die verhoor van die saak en het nooit die aangeleentheid met die sekretaris wat die diensregister hou, bespreek nie. Die afleiding is geregverdig dat hy geweet het dat die diensregister nie sy saak sou steun nie.

Hy het klaarblyklik nie vir sy regsverteenwoordiger vertel dat hy 'n alibi het wat deur 'n diensregister gesteun kan word nie. Dit blyk uit die feit dat daar niks in kruisverhoor aan Edwards en Gabru gestel is nie en dat hy self in sy getuienis dit nie gemeld het nie. Slegs die vrae van die aanklaer oor waar hy op die betrokke dag en die tersaaklike ure was, het aanleiding gegee tot die getuienis van die diens-

register. Dit is feitlik ondenkbaar dat sy regsverteenwoordiger hom met die voorbereiding van sy verdediging nie sou gevra het waar hy op die tersaaklike tyd was toe dit geblyk het dat sy verdediging ŉ alibi was nie.

Onder hierdie omstandighede kan nie gesê word dat daar ŉ plig op die Staat gerus het om getuienis voor die hof te lê dat die appellant volgens die diensregister nie die betrokke dag by die werk was nie, soos namens die appellant betoog word. Trouens die Staat kon aan die hand van die aard van die appellant se verweer nooit geweet het dat daar enige betroubare diensregister bestaan waarop die appellant kon steun nie.

Ek is bygevolg nie oortuig dat die bevinding van die verhoorhof dat die appellant se skuld behoorlik bewys is nie korrek is nie.

Die appèl word van die hand gewys.

WAARNEMENDE APPÈLREGTER

RABIE, Wn HR)
KUMLEBEN, Wn AR) stem saam